**GRAAD R**

## REëLS EN REGULASIES

KAMMALAND wil graag net die beste diens lewer aan u en u kind en daarom vra ons mooi: Lees asseblief die volgende informasie en bêre op 'n veilige plek. Indien u enige navrae het, is u meer as welkom om ons 'n luitjie te gee.

## <u>OUDERDOM</u>:

**6 JAAR (GRAAD R)**

## <u>FOOIE</u>:

**REGISTRASIE FOOIE** vir nuwe inskrywings: R300 betaalbaar saam met inhandiging van inskrywingsvorm.
**REGISTRASIE FOOIE** vir her-inskrywing: R50 betaalbaar saam met inhandiging van her-inskrywingsvorm.
Hierdie registrasie fooie is nie terugbetaalbaar nie.
**KUNSFOOI** van R200 is betaalbaar voor 30 Januarie.

## KONTAK ONS KANTOOR VIR ONS FOOISTRUKTUUR.

Fooie is oor 'n jaar uitgewerk en die bedrag is in 12 of 11 eweredige paaiemente verdeel. Fooie is 'n maand vooruitbetaalbaar en rente van 5% op die uitstaande bedrag sal gehef word indien dit nog nie betaal is teen die 7de van die maand nie. Indien die paaiement nog steeds uitstaande is teen die 15de van die maand sal u kind toegang tot die skool geweier word.

### Let asb op die volgende:

- Die skool is slegs gesluit op publieke vakansiedae, skoolvakansiedae waar die publieke vakansiedag op 'n Dinsdag of Donderdag val en die Maandag of Vrydag 'n skoolvakansiedag verklaar word en ook vir 3 weke gedurende Desember/Januarie. (Datums sal later in die jaar verskaf word)
- Normale maandelikse fooie is betaalbaar gedurende Desember en Januarie - GEEN afslag word gegee nie.
- Geen terugbetalings vir enige afwesigheid word onderneem nie.
- Indien die skool moet sluit vir enige rede buite ons beheer, sal fooie ten volle nog betaal moet word.
- Gebreekte vensters, ligte, speelgoed, ens moet vervang word deur die skuldige se ouers/voogde.
- Betalings deur middel van EFT se verwysing is die kind se naam en van. Om veiligheidsredes word geen kontant by die skool gehou nie.
- Indien skoolfooie ten volle vir die jaar voor die einde van Januarie betaal word, sal u 10% afslag ontvang.
- Ons doen nie verdeelde fakture tussen ouers nie. Ons rekeningkundige sisteem laat ons slegs toe om een staat per e-pos te stuur. Dit is die verantwoordelik van die ouer wie die staat ontvang om te verseker dat betaling behartig word.
- **<u>BANKBESONDERHEDE</u>: MCDE INVESTMENTS (PTY) LTD T/A KAMMALAND LORRAINE**
  **FNB, TAKKODE: 255355, REKENING NR: 6300 3545 605**

## DOKUMENTE BENODIG SAAM MET INSKRYWINGSVORMS:

**Ons benodig afskrifte van die volgende dokumente asb:**
ID van ouers/voogde
Mediese skema kaart
Kind se immunisasies op kliniekkaart
Kind se geboortesertifikaat
(Herinskrywing benodig geen bogenoemde dokumente nie.)

## PERSOONLIKE INLIGTING (POPI)

Persoonlike inligting word slegs gebruik vir die volgende doeleindes:

- Fakture en state te stuur vir betaling
- Ouers en voogde te kontak ingeval van 'n noodgeval
- Ouers en voogde in te lig oor kind se akademiese en sosiale vordering
- Ouers en voogde op datum te hou met nuus in die klaskamer en enigiets rakende die skool
- Foto's te deel met ouers op Whatsapp groepies asook sekere sosiale media platvorms
- Direkte bemarking aangaande aansoeke vir die volgende skooljaar asook insamelingsprojekte
- Enigiets van belange rakende die kind, die ouer, die voog of die skool wat nie hierbo genoem is nie.

Persoonlike inligting mag slegs met 'n derde party gedeel word met die ouer of voog se toestemming, behalwe vir die volgende doeleindes:

- Indien benodig vir wetgewing soos gestipuleer deur die Kinderwet
- Indien aangevra deur Departement van Basiese Onderwys vir registrasie van skoolgaande kinders
- Indien 'n Graad R leerling se akademiese rekord aangevra word deur hul nuwe Laerskool
- Indien die kind in gevaar is en onmiddellike mediese hulp benodig word
- Verjaarsdaguitnodigings

Die skool se POPI handleiding is beskikbaar op aanvraag.

## WHATSAPP GROEPE:

Elke skoolklas stig 'n Whatsapp groepie om met ouers te kommunikeer. Op ons aansoekvorm gee ons u die opsie om te kies om deel te vorm van hierdie groepie. Wanneer u deel vorm van hierdie groepie moet u kennis neem dat u telefoonnommer en naam sigtig is vir ander mense op die groep en dat die skool nie hierdie inligting privaat kan hou nie. Ons vra dat alle ouers hierdie inligting met respek hanteer en met niemand anders deel nie. Slegs skoolverwante inligting mag op hierdie groepies geplaas en gedeel word. Op ons aansoekvorm gee ons u die opsie om te kies of u kind se foto op die Whatsapp groep geplaas mag word. Ons vra dat hierdie foto's ook met respek hanteer sal word en dat slegs individuele foto's van u kind op 'n sosiale platvorm geplaas word.

## KENNISGEWING:

Verskaf asb 'n kalender maand se geskrewe kennisgewing voor u kind die skool verlaat. Ouers wie hul kinders uit die skool haal sonder enige geskrewe kennisgewing, is nog steeds verantwoordelik vir die skoolfooie tot 'n geskrewe kennisgewing ontvang is by die skool. Geen kennisgewing word aanvaar na die 1ste Oktober nie.

## VERVERSINGS:

Kinders bring hulle eie kospakkies (vrugte, kaas, toebroodjie en ander gesonde kos) en sap/melk skool toe wat geniet word tydens die pouse in die oggend. Pak asb gesonde kos skool toe aangesien ons geen gemorskos of gaskoeldrank toelaat nie. Alle kosblikke en bottels moet duidelik gemerk wees asb. Middagete word om 12h45 bedien vir nasorgkinders. Indien u kind vir nasorg bly, pak genoeg kossies in sodat u kind nog ietsie kan eet om 15h00.

## SKOOLURE:
Die skool se ure is vanaf 08h00 – 12h30 Maandag tot Vrydag. Klas begin stiptelik om 08h00. Indien ouers nie betyds gaan wees vir skool nie, moet u eers by die kantoor aanmeld en teken vir u kind voordat hulle die klaskamer mag binnetree.
Neem asb kennis dat die skool al reeds oop is vanaf 06h30 en ons nasorg is vanaf 12h30 – 17h30. Ons vra dat ouers stiptelik sal wees en ons skoolure respekteer. 'n Boete van R200 per dag sal gehef word aan laatkommers in die middag indien dit nie vooraf bespreek is nie.

## BUITE-MUURSE AKTIWITEITE:
Ons het buite-muurse aktiwiteite wat aangebied word vanaf die ouderdom 3. Ons bied Future Kings, Dance Kids, Gymini Kids, Play Ball, Joy 4 Kids, Soccersize Stars, Teddy Tennis, Stimuzone Computers en Little Einsteins aan.

## KLEREDRAG:
Klere moet gemaklik wees. Geen beste en mooiste klere nie, asb. Merk alle kledingstukke duidelik. Ons neem nie verantwoordelikheid vir ongemerkte klere wat wegraak nie. Kinders wat nog "glipsies" kry, moet asb 'n stel skoon klere in 'n sakkie beskikbaar hê. Die kind se tas moet groot genoeg wees om alle persoonlike besittings in te hou. Onthou 'n hoed vir die somer.

## AFWESIGHEID:
Siek kindertjies moet asseblief by die huis bly totdat hulle volkome herstel het. Indien u kind 'n aansteeklike siekte het, vereis ons 'n doktersbrief om te bevestig wanneer u kind terug skool toe mag kom. Stel asb u onderwyseres in kennis indien u kind koorsig in die nag of oor die naweek was. Dit is belangrik vir ons om te weet of hulle koors gehad het sodat ons op die uitkyk kan wees vir ander simptome deur die skooldag soos 'n uitslag.
Indien u kind enige onwelkome besoekers het (bv. kopluise) sal ons eers u kind kan toelaat sodra die infeksie getem is. Stel ons asb in kennis indien u kind kopluise het sodat ons almal se hare kan deursoek.

## MEDISYNE:
Medisyne moet direk aan die onderwyseres gegee word sodat dit genoteer kan word. Indien moontlik, sal die dosis, voorafgemeet, waardeer word. Neem asb kennis dat ons geen medisyne mag toedien sonder die ouer/voog se toestemming nie.

## SPEELGOED:
Neem asseblief kennis dat ons geen verantwoordelikheid aanvaar vir speelgoed wat van die huis af skool toe gestuur word nie. Kindertjies speel hardhandig met hul speelgoed by die skool, hul ruil hul speelgoed onder mekaar uit en soms vergeet hulle waar hul die speelding gebêre het. Ons het meer as genoeg speelgoed om die kindertjies mee besig te hou.

## DISSIPLINE:
As 'n skool glo ons daarin dat ons en die ouers/voogde as 'n span saam moet werk om dissipline toe te pas. Ons gebruik positiewe metodes in die klaskamer as motivering vir goeie gedragspatrone. Soms is dit nodig om 'n kind te laat afkoel in ons stilte area vir so ±5 minute afhangende van hul ouderdom.

## UITSTAPPIES:
Uitstappies word gereeld onderneem en ouers/voogde sal vooraf in kennis gestel word.

## KOEKIEDAE:
Elke Vrydag ontvang elke kind 'n lekkerny wat ons mammas goedgunstiglik verskaf volgens gegewe datums. Betaal asb eenmalig per kwartaal R25. Hierdie koekiegeld word gebruik om sonskerm en ander benodighede vir die klas aan te koop.

**TOILET BENODIGHEDE:**
**BRING ASB IN JANUARIE EN JUNIE:**

| | | |
|---|---|---|
| **2 swart sakke** | **1 rol papierhanddoek** | **1 bottel Sunlight Liquid** |
| **1 handwasmiddel** | **4 rolle toiletpapier** | **1 boks sneesdoekies** |

**SKRYFBEHOEFTES:**

**1 pak uitdraaikryte**

**1 HB potlood**

**1 pak DIK koki's**

**1 skerpmaker**

**1 stoelsakkie**

**2 Pritt's**

**1 stompneus skêr**

**1 pak pastelle (16no)**

**1 potloodsakkie**

**1 leë blikkie (waarin ertjies of boontjies ens was)**

**1 leë roomysbak**

**MERK ASB ALLES DUIDELIK!!!**